# GOEIE MEESTER

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: Matthéüs 19:16-17; Matthéüs 25:14-30**

**Matthéüs 19:16 EN daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?**
**Matthéüs 19:17 En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie.**

**Matthéüs 25:14 WANT *dit is* soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou.**
**Matt 25:15 En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan.**
**Matt 25:16 En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin.**
**Matt 25:17 Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien.**
**Matt 25:18 Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan grawe en die geld van sy heer weggesteek.**
**Matt 25:19 En ná 'n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken.**
**Matt 25:20 En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien.**
**Matt 25:21 En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.**
**Matt 25:22 En die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: Meneer, twee talente het u aan my toevertrou; hier het ek twee ander talente daarby verdien.**
**Matt 25:23 Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.**
**Matt 25:24 En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie;**
**Matt 25:25 omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort.**
**Matt 25:26 Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie.**
**Matt 25:27 Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het.**
**Matt 25:28 Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het;**
**Matt 25:29 want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.**
**Matt 25:30 En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande.**

Ek seën elkeen vanmôre baie ryklik in die naam van Onse Here Jesus Christus.
Ek wil glo dit gaan goed met almal.

-o0o-

## 1. DANKBAAR

Terwyl ek stiltetyd gehou het met die Here, het ek met soveel trane gesit, want ek het net weereens besef hoe goed ons Vader is vir ons en hoeveel genade Hy regtig aan ons betoon. Baie keer sien ons dit nie raak nie; dikwels kyk ons verby dit, menigmaal aanvaar ons dit maar as deel van die alledaagse lewe.

As ons regtig bietjie gaan stil sit en bepeins oor ons lewe of oor die dag van gister, dan is daar sekere dinge wat sommer soos pilare uitstaan - waar ‘n mens nie anders kan, as om God se genade en God se barmhartigheid, Sy goedheid en Sy guns in ons lewe te sien. Tye waar daar nie uitkoms of hoop was nie; waar die wêreld en die dinge daar buitekant maar swart gelyk het, dan het die Here in ons lewe ingegryp.

Opnuut het ek besef - daar is net een ding wat mens kan sê en dit is: *Here dankie, dankie vir U genade, dankie vir die liefde wat U vir ons het in Christus Jesus.*

Weereens het ek besef waarom het Jesus aan die ryk man gesê: “*Hoekom noem jy my goed, terwyl daar net een is wat goed is en dit is die Vader*”.

- ♦ Ons moet begin besef hoe goed God regtig is vir ons;
- ♦ Stil word voor die Here en net weer bietjie jou lewe bepeins oor hoe dit met jou gaan. Gaan dit regtig so sleg met jou soos wat jy dink, of is dit die duiwel wat drogbeelde by jou skep?
- ♦ Maar as ons gaan kyk na die goedheid en die guns van God, dan oorweldig dit alles, alles wat hierdie wêreld op ons probeer laai.

Gaan gerus deur hierdie lesing, veral op die einde, gee bietjie ag daarop, dat as ons die beker drink wat Hy in ons hande plaas, wat is die eindresultaat daarvan.

## 2. Die woord: GOED / GOEIE

Ons as mens is so geneig om op die skouer geklop te word as ons iets goeds gedoen het, of om onsself ‘n titel te gee, ‘n titel op te eis of roem en status of enige iets wat ons bereik het in die lewe, vir onsself toe te eien, sodat die titel of die woordjie wat ons beklee, die plek waarin ons onsself plaas of selfs die mens ons in plaas, meer van onsself te dink as wat ons veronderstel is om te doen.

Mense, dit is die begin van trots! Vandag wil ek julle waarsku teen daardie trots sodra ‘n titel aan jou naam gekoppel word !

Ek weet, want ek het al deur hierdie goed gegaan van mense wat as raadslede in posisies sit. Tydens die Covid-19 epidemie, het ons so siek en sat geword vir “honourable” en “honourable” dat jy wou braak as jy dit hoor, want dit is so ‘n valsheid in die goddelose sisteem; so ‘n aangeplakte ding vir die mens wie iets genoem moet word, omdat jy nie regtig deur dit wat jy is, goed genoem kan word nie.

Die grootste voorbeeld wat ooit vir ons in hierdie lewe gestel is, sal sekerlik die Seun van God wees, Jesus Christus. Ons moet een ding baie mooi onthou, Hy is God. Die Bybel sê Hy het dit geen roof geag nie om van Sy godheid gestroop te word nie. ***Filippense 2:6*** *Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie.*

Hy het Sy totale wese as God in die hemel gelos en aarde toe gekom om:
- ‘n dienskneg te word,
- die vloek te word,
- die wil van die Vader te kom uitlewe.
- my en jou te kom haal om, soos wat Hy aan die Vader behoort, deur gehoorsaamheid en geregtigheid, die pad wat ons moet loop, het hy daardie pad vir ons oopgemaak.

-o0o-

Dwarsdeur die Woord sien ons hoe die Here Jesus Christus wonderwerke gedoen het en Hy het gelykenisse vertel. Maar as ons Sy hele beeld ontleed, dan sien ons Hy het net een beeld aangeneem en dit is die beeld van diensknegskap, die beeld van 'n donkie. God het aarde toe gekom om in die vorm van 'n mens, ons te kom bedien.

## 3. DIE RYK JONG MAN

In Matthéüs 19 lees ons van die ryk jong man wat op 'n dag na Jesus toe kom

**Matthéüs 19:16 EN daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?**

Kyk wat is Jesus se reaksie op hierdie jong man se verhewenheid. Hy wou Jesus in 'n posisie plaas waar Jesus nie wil wees nie, want Jesus weet waar trots sal begin. Dit is 'n pyl van satan wat uitgeskiet word na Jesus toe. Maar het Jesus dit gevat? Wat ek bedoel, Hy het die volste reg om dit te kon vat, want as daar ooit een goeie mens op hierdie aarde gelewe en bestaan het, was dit die Seun van God.

**Matthéüs 19:17 En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie**

Jesus sê vir hom *"Waarom noem jy my goed?"*
"*Hoekom kom jy met hierdie pyl na My toe? Waarom kom jy met hierdie woordjie na My toe? Ek staan nie hier in 'n plek waar jy vir My moet erken vir dit wat Ek gedoen het nie. My loon lê in die Vader se hande."*

En dan sê Hy verder: *"Niemand is goed behalwe een, naamlik God. En dit is op grond van Sy volmaakte raadsplan, op grond van Sy liefde, want so lief het God die wêreld gehad, dat Ek vandag hier voor julle staan. Moenie vir My kom titels gee nie, moenie vir My kom eer gee nie, moenie vir My enige iets kom gee wat Ek nie op hierdie stadium moet bereik nie, want Ek is nog nie goed nie. Ek sal eers eendag goed genoem kan word sodra Ek die opdrag vervul het wat die Vader vir My gegee het."*

Dit is eintlik wat Jesus vir hulle sê. Hy is God. Hy het Sy godheid agtergelaat en aarde toe gekom en toe Hy terug keer hemel toe, het Hy weer Sy godheid opgeneem. Vandag kan ons vir Hom sê: ***Goeie Meester*.**

Terwyl Hy besig was om Sy opdrag hier op aarde te uit te voer:

- wou Hy geen titel, geen roem, geen status dra nie –
- want die rede hoekom Hy mens moes geword het, was nog nie tot vervulling nie,
- want Hy het nog nie wedloop voltooi nie.

Eers wanneer Hy dit voltooi het, dan kan die Vader Hom daardie eer terug gee.

## 4. ONS DOEL

Hoekom sê ek so, want ek en jy as mens is ook hier op aarde met 'n spesifieke roeping, met 'n spesifieke doel. Jesus Christus is die barmhartige samaritaan, maar Hy het donkies nodig waarop Hy die gewondes; die kreupeles; die ellendiges en al hierdie mense kan oplaai, sodat Hy hulle na die herberg toe kan neem. En daardie donkie is ek en jy, ons is die vorm van diensknegskap. Jesus Christus het nie Jerusalem ingekom op 'n wit perd nie, Hy sal terug kom op die wit perde ! Nou op die oomblik wil Hy Homself openbaar aan die wêreld deur Sy liggaam, deur Sy Bruid, deur die voorbeeld wat Hy vir ons kom stel het deur donkies.

Op 'n stadium dan kom mense na Hom toe, dan sê hulle vir hom 'meester, meester', dan sê Hy: *Ja Ek is dit, maar julle doen nie wat Ek sê nie*. En hartseer wat dit is. Hy het nie daardie titel vir Homself toe geëien nie, die mense het dit vir Hom gegee. So 'n groot dienskneg was Hy.

-o0o-

**Matthéüs 15:8 Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met hulle lippe, maar hulle hart is ver van My af**

En dan spreek Hy die hartseer woorde wat 'n mens se hart eintlik stukkend skeur*: "Julle monde prys My, maar julle harte is ver van My af. Met julle monde loof julle My en julle noem My meester maar julle doen nie wat Ek sê."* Hoekom? Want Christus Jesus het vir ons 'n perfekte voorbeeld in die Woord kom stel van liefde en onderdanigheid aan die Vader en aan die mensdom. Om net een ding te wees - om dit wat God in ons hande kom sit het, 'n behoefte te sien en 'n behoefte te vervul.

## 5. GELYKENIS VAN DIE TALENTE

Nou wil ek julle verder vat. Ek het genoem dat as Hy terug keer na die Vader, dan sal Hy Sy loon weer terug ontvang. In Matthéüs 25 praat Hy van die talente wat daar is. Die man het gekom met sy vyf talente en dit neer gelê saam met die vyf wat hy verdien het. Onthou ons is hier op aarde om iets te bereik, om mense te dien, die mensdom te dien, om die Here te dien, om die skeppingsdoel uit te lewe waarvoor God ons op aarde geplaas. Daarvoor het ons talente.

**Matthéüs 25:20 En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien.**
**Matthéüs 25:21 En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.**

Die man, vir wie Jesus Christus, die Seun van God geantwoord het *hoekom noem jy My goed, daar is net een wat goed is en dit is God, dit is my Vader,* uit daardie mond van Jesus Christus wat die proklamasie gemaak het dat daar net een wat goed is, sal eendag daardie selfde woord vir jou sê:

- Nou het jy jou roeping vervul,
- jy het gedoen wat Ek gesê het jy moet doen,
- jy't gedoen met dit wat Ek jou gegee het om mee te doen,
- jy't nie jouself verryk nie, jy het nie jou talent begrawe nie.

Want Hy sê:
- As jy dit maar by die wisselaars gestort het sodat dit ten minste bietjie rente gekry het;
- As jy dit vir iemand gegee het wat daarmee kon werk, sou jy ten minste darem nog guns in My oë gehad het;
- As jy dit net vir iemand gegee het wat iets daarmee kon gedoen het, 'n Bybel vir iemand kon gekoop het of 'n bediening ondersteun het.

## 6. DIE LOON

So groot is die genade van God. Dan sal jy ook hierdie woorde gehoor het, maar omdat jy dit begrawe het en jouself verryk het, moet Ek vir jou ongelukkig sê*: jou slegte dienskneg gaan weg van My af.*

Dit is wat sal gebeur met dié wie Christus Jesus gesê het, daar is net een wat goed is. Nou kom die loon, nou kom die toekenning, die erkenning, nou kom die lofprysing, nou kom die klop op die skouer, nou kom die 'goed so'. Nou sê Hy vir jou en my, as ons Sy wil doen en gewoeker het met dit wat God vir ons gegee het, *"mooi so goeie en getroue dienskneg".*

Kan julle daardie opheffing sien? *Nou trek Ek jou na die vlak toe wat Ek is. Nie dat julle dieselfde as Ek is nie, maar nou kan jy vir die eerste keer ook 'goed' genoem word*. Dit is hoekom Jesus sê as ons op aarde menslike eer, lof en aanbidding wil ontvang, het ons klaar ons loon weg.

-o0o-

**Matthéüs 6:2 Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.**

Dit is hoekom ons maar baie versigtig moet wees met wat ons van mense af ontvang. Gee maar altyd die Here die eer. Die mense sal sê "*dankie vir dit*" en jy gaan sê "*dis 'n plesier om jou te dien, maar onthou moet nooit vergeet uit wie se hand dit kom nie, want ek is maar net nog 'n kanaal waardeur God jou wil seën."*

Kom ons eer die Here ook vir die geleentheid wat ons het, om instrumente te kan wees. Ons ontvang nie die eer nie maar ons erken ook net darem dat ons diensknegte is van die Allerhoogste God. Ons sê vir mense, *onthou altyd uit wie se hand uit kom dit*. Regtig, ek is maar nog net 'n middel tot 'n doel, ek is net 'n waterpyp wat die blommetjies moet water gee.

Ek hoop hierdie het julle ook so geseën soos dit vir my geseën het, toe die Here dit vir my openbaar dat eendag gaan nie mense nie, nie enige iemand op aarde vir my sê ek is goed nie. Die een wat vir Jesus Christus gesê is "*goed*", net Hy is goed, gaan eendag daardie erkenning aan my gee en vir my sê *'jy is ook goed, jy word ook goed genoem.'*

Kom ons vergeet maar van titels, van eer, van status en roem.
Kom ons vergeet maar van al hierdie dinge wat mense op ons wil plak en kom ons gee die Here die eer.

Mag die Here julle baie ryklik seën.

-o0o-

-o0o-